



Vuk'uzenzele

'n Produk van die Regering se Kommunikasiediens (GCIS)

Afrikaans/Engels

Desember 2015 / Januarie 2016



**KZN
verleen
hulp aan
boere**

BI 4



**Leerders kry
toegang tot
vaardighede
wat hul lewens
verander**

BI 14

**Werk-
geleent-
hede**

Laat ons saamwerk om water te spaar

Priscilla Khumalo en Ongezwa Manyathi

'n Beroep word weer eens op Suid-Afrikaners gedoen om water spaarsamig te gebruik.

Dié beroep is gedoen deur 'n span ministers wat onder leiding van die Minister van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake (Cogta), Pravin Gordhan, saamspan om aandag aan die waterskaarste te gee.

Die komitee, wat uit die departemente van water en sanitasie; landbou, bosbou en vissery; landelike ontwikkeling en grondhervorming; en Cogta bestaan, het beklemtoon dat Suid-Afrika 'n waterskaars land is.

Volgens Minister Gordhan, het Cogta al die burgemeesters in die land versoek om verskeie stappe te neem om op die droogte te reageer.

Die stappe sluit in dat plaaslike regerings die Departement van Water en Sanitasie se raad moet volg oor waterbeperkings en ander maatreëls om die situasie te bestuur, soos om die nakoming van waterbeperkings te monitor en boetes op te lê waar nodig; voorkeur te gee aan die herstel van waterlekkasies, waterdoeltreffende tegnologieë soos laevloei-toiletspoelbakke te bevorder, reënwater op te gaar en gryswater vir besproeiing te gebruik.

"Die Regering is bekommerd oor die impak van die waterskaarste en droogte op ons gemeenskappe, veral huishoudings, hospitale en skole. Almal in die land moet die situasie baie ernstig opneem," het Minister Gordhan



Die Regering doen 'n beroep op alle Suid-Afrikaners om water oordeelkundig te gebruik.

gesê.

Waterskaarste is veroorsaak deur die voortdurende laer-as-normale reënval, wat aan die begin van 2015 begin het en droogte regdeur die land tot gevolg het. Die lae reënval word deur El Niño, 'n wêreldwye weerpatroon wat verhoed dat vog die sub-Saharastreek bereik, veroorsaak.

Volgens die Suid-Afrikaanse Weerdiens, sal die droë weerstoestand heel waarskynlik vir die res van hierdie jaar en tot Maart 2016

voortduur, 'n tydperk waartydens die land gewoonlik die meeste reën kry.

"Ons is die 30ste droogste land in die wêreld. Waterskaarste is 'n ernstige saak," het Minister Gordhan gesê. Hy het voorts gesê die toenemende felheid van die droogte het 'n negatiewe uitwerking op die land in sosiale sowel as ekonomiese terme.

Die inter-ministeriële komitee het ook die betrokke departemente se planne om die huidige situasie te hanteer bekend gemaak.

Die Departement van Water en Sanitasie het 'n bedrag van R352,6 miljoen vir droogteingrypingsprojekte bewillig. Hierbenewens is net meer as R96 miljoen vir tussentydse gebruik van tenkwaens en bykomende ingrypings in Kwazulu-Natal beskikbaar gestel.

Meer fondse is nodig vir 'n tweede droogteafkondiging onder leiding van die provinsie se Eenheid vir Rampbestuur van die Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake.

Die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming het aangekondig dat lewende hawe van streke in vyf provinsies wat die ergste geraak word, oorgeplaas sal word na grond in staatsbesit waar daar nog goeie weiding is. Die departement bewillig bykans R187 miljoen aan hierdie droogtebystandingsryping.

"In Noordwes het ons onlangs 200 000 hektaar grond bewillig. Ek verwag dat daardie provinsiale regering die grond sal verdeel soos dit in KwaZulu-Natal gedoen is," het die Minister van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming, Minister Gugile Nkwinti, gesê.

Die droogte raak tans 173 van die 1 628 watervoorsieningskemas in die land, wat nagenoeg 2,7 miljoen huishoudings of 18 persent van die nasionale bevolking bedien.

> **Vervolg op bl 2**

Wees veilig op ons paaie dié feestyd

Amukelani Chauke

Terwyl die land voorberei om die feestyd te geniet, doen die Minister van Vervoer, Dipuo Peters, 'n beroep op motoriste en voetgangers om meer waaksaam tydens die feestyd te wees en hul gedrag op die land se paaie te verbeter.

Gedurende die feestyd sterf duisende mense elke jaar regdeur die land in padongelukke.

"Die betreuenswaardige feit dat padongelukke die land meer as R300 miljard kos, is teenstrydig met ons visie om die driedubbele uitdagings van armoede, ongelykheid en werkloosheid uit te wis. Die onus is op ons om die skade wat deur die padslagtings veroorsaak word om te keer, deur padveiligheid as 'n prioriteit op die vervoeragenda te plaas," het Minister Peters gesê.

Sy het inwoners van Khayelitsha onlangs toegesprek tydens 'n gemeenskapsbyeenkoms om Wêreld Gedenkdag te vier.

"Ongelukke gebeur wanneer niemand dit verwag nie. Van statistiek, lei ons af dat 95 persent van ongelukke deur roekeloosheid en verontagsaming van verkeerswette veroorsaak word.

"Die mense wat in padongelukke sterf is mense wat ons ken ... sommige mense sterf in busse, sommige in treine, en ander sterf as voetgangers op ons paaie. Hierdie mense is lede van gesinne. Ons praat van broodwinners. Ons praat van kerkleiers. Ons praat van broers, susters, vriende, kollegas en mense wat 'n verskil maak in baie ander se lewens," het sy gesê.

In Suid-Afrika sterf 14 000 mense per jaar in padongelukke. Van hierdie mense, is 80 persent jong mense tussen 19 en 34 jaar oud.

Die Minister het gesê die situasie moet verbeter en motoriste moet hul bestuursgedrag verander.

"Ek wil vra dat ons ons gedrag en houding

moet verbeter wanneer ons die land se paaie gebruik, veral in aanloop tot die feesstyd. Maak jul sitplekgordels vas! Moenie bestuur onder die invloed van alkohol of wanneer jy moeg is nie, moenie jou selfoon gebruik terwyl jy bestuur nie, verminder spoed, maak seker jou motor is padwaardig, en gehoorsaam altyd die verkeersreëls."

Minister Peters het 'n beroep op verskillende kerkleiers gedoen om in hul plekke van aanbidding nie net te bid dat motoriste veilig sal wees nie, maar ook vir padveiligheid regdeur ons land.

"Laat ons al ons mense vertel dat as ons

> **Vervolg op bl 2**



Die Minister van Vervoer, Dipuo Peters, het alle padgebruikers aangemoedig om hul gedrag op die paaie te verander.

ALGEMEEN

Working on Fire programme supports farmers, creates jobs

The Department of Environmental Affairs' Working on Fire (WoF) programme has plans in place to support farmers who are affected by climate change.

"During El Nino farmers continuously experience veld fires on an ongoing basis. Just this year for instance, we anticipate that we will have to fight fires that are close to 3 000," said Environmental Affairs Minister Edna Molewa.

Minister Molewa indicated that there is a budget allocated to support small and commercial farmers.

"We've allocated R528 million just in this financial year alone. Working on Fire has got almost R1,3 billion allocated to assist farmers," said Minister Molewa.

The Working on Fire programme has also created a total of 13 660 jobs in the past three years.

The programme was launched in 2003 as part of government's drive to create jobs and alleviate poverty.

"This programme has the capacity to provide many more jobs, necessitating the need for a higher budget," said Environmental Affairs Minister Edna Molewa.

The total expenditure for the Working on Fire programme for the 2012/13 financial year was R404 205 524, in the 2013/14 financial year it was R405 540 125 and in the 2014/15 financial year it amounted to R508 222 000.

"There is a major need for fire management capacity from WoF for both using fire for ecosystem management and combatting wild fires," Minister Molewa said.

The programme ensures that South Africa's Biodiversity and Ecosystems are protected and contribute to socio-economic growth as well job creation.



The Working on Fire programme has not only created jobs but it also offers relief to farmers.

The programme is one of several departmental programmes under implementation through government's Expanded Public Works Programme (EPWP).

The EPWP has been the primary vehicle through which the Department of Environmental Affairs has delivered on its job creation mandate.

"Today more than 5 000 young men and women are employed through the programme. They are recruited from marginalised communities and trained

in fire awareness and education, prevention and fire suppression skills," said the department said.

They are trained as veld and forest fire fighters and are stationed in more than 200 teams throughout South Africa.

"Furthermore a total of 592 Black Economic Empowerment compliant suppliers have benefited from the programme between 2013 and 2015, to the value of R395 144 169,00," said the department.

[Laat ons saamwerk om water te spaar > Vervolg van bl 1



Vier provinsies – KwaZulu-Natal, die Vrystaat, Noordwes en Limpopo het die droogte tot ramp verklaar – terwyl Mpumalanga in 'n gevorderde stadium van voorbereiding is om die droogte binnekort ook tot ramp te verklaar.

EL NIÑO-VERSKYNSSEL

Die Minister van Omgewingsake, Edna Molewa, wat ook 'n lid van die interministeriële komitee is, het gesê die Regering het daaraan gewerk om seker te maak dat die land vir gebeure soos El Niño kan beplan.

Sy het gesê weervoorspellings oor die verskynsel word op 'n deurlopende basis voorsien. Dit word eers op 'n korttermyn-

en dan op 'n langtermynbasis oor 'n tydperk van ses maande gedoen. Die verskynsel sal heel moontlik tot aanstaande jaar in die somermaande voortduur.

Die Minister het bekend gemaak dat die Suid-Afrikaanse Weerdiens die stand van die El Niño-verskynsel voortdurend dophou en verwag dat dit teen die winter van 2016 sal veswak.

Minister Molewa het gesê die Regering verstaan dat die siklus nou ná drie tot vyf jaar verskyn en 'n gevolg van klimaatsverandering is.

Sy het beklemtoon dat Suid-Afrika, soos alle ander lande by klimaatsverandering moet aanpas.

UITWERKING OP BOERE

Die Minister van Landbou, Bosbou en Visserye, Senzeni Zokwana, het gesê hoewel die land se witmielievakke besig is om te daal, dit voldoende sal wees tot die einde van April 2016, maar die geelmielievakke sal baie laag wees.

"Die 2014/2015-droogte raak die beskikbaarheid van witmielies, asook dié van geel mielies, wat van deurslaggewende belang vir voer is. Volgens die Oesskattingskomitee, het die mielieproduksieskatting van 14,2 miljoen in 2013 gedaal tot 9,8 miljoen ton in 2014, wat 31 persent minder is."

Hy het gesê die departement het 'n bedrag van R66 miljoen bewillig om 'n grondsorgprogram te implementeer om veld- en grondagteruitgang te stuit, watervlies te verminder en bewaringslandboupraktieke te bevorder.

Die departement het ook R9 miljoen bestee aan die sink van boorgate om water aan vee te voorsien, die verspreiding van vroeë waarskuwingsinligting en die verskaffing van gepaste advies aan boere.

Hy het voorts gesê die departement sal voortgaan om boere van weerinligting en -waarskuwings te voorsien om toekomstige gewasaanplantings en die vermindering van veestapels te lei.

Minister Gordhan het 'n beroep op alle Suid-Afrikaners gedoen om saam te werk om water te bespaar.

"Ons versoek dus vennootskappe om nou water in ons land te bespaar en planne in werking te stel vir die oordeelkundige gebruik van ons skaars waterhulpbronne op die medium- tot langtermyn om aan te pas by die uitwerking van klimaatsverandering," het Minister Gordhan gesê.

*Vir meer inligting gaan na bl 8 en 9.

[Wees veilig op ons paaie di feestyd]
> Vervolg van bl 1

nie te vinnig ry nie, as ons nie roekeloos bestuur nie en nie die verkeersreëls verontagsaam nie, as ons nie op ons selfone praat terwyl ons bestuur nie, kan ons die sterftes op ons paaie verminder."

Sy het leiers verder versoek om hul volgelinge aan te moedig om seker te maak dat hul voertuie padwaardig is.

Die Minister, vergesel deur die Adjunkminister, Sindisiwe Chikunga; LUR'e en uitvoerende hoofde van die vervoerentiteite; asook ander belanghebbendes in die vervoersektor, het kranse gelê ter nagedagtenis aan diegene wat in padongelukke gesterf het.

Sy het 'n aantal bekende Suid-Afrikaners wat onlangs op die land se paaie oorlede is genoem, insluitend die voormalige Ajax Kaapstad verdiger Cecil Sonwabile Lolo, wat op 25 Oktober by Spine-weg in Khayelitsha in 'n motorongeluk gesterf het; en musikant Lebo Mathosa, wat in 2006 in 'n motorongeluk naby Germiston, oos van Johannesburg gesterf het. Suid-Afrika het ook sy vorige Minister van Staatsdiens en Administrasie, Collins Chabane, en sy twee lyfwagte, in 'n ongeluk verloor toe sy motor in Maart vanjaar teen 'n vragmotor buite Polokwane gebots het.

Minister Peters het gesê dit is ironies dat Minister Chabane ten tye van sy dood Waarnemende Minister van Vervoer was en oor padveiligheid gepraat het by 'n begrafnis wat hy bygewoon het.

NUWE MOBIELE KANTOOR SAL ONGELUK-EISE HANTEER

Minister Peters het ook die Padongelukke-fonds (POF) se mobiele kantoor, wat in Khayelitsha gebaseer sal wees, onthul. Dié kantoor sal toegang tot die POF se dienste vir eisers in afgeleë gebiede bied.

"Dit is die eerste van sy soort. Dit is vernuwing. Dit is 'n manier om spesifiek diegene te bereik oor wie ons bekommerd is. Dit is mense wat op plase is, in klein dorpie, in die landelike gebiede, wat nie voorheen toegang tot dienste gehad het nie; hierdie voertuig sal by hulle uitkom," het sy gesê.

Die bekendstelling van die POF se mobiele kantoor volg op die sukses van die POF se bekroonde vlagskip-bemarkingsprogram 'POF oppad', 'n gemeenskapsuitreikveldtog wat in Maart 2012 van stapel gestuur is.

Phumelela Dhlomo, POF se hoof bemarkingsbeampte, het gesê die mobiele kantoor is betyds beskikbaar gestel vir die feestyd wanneer daar 'n groter kans vir motorongelukke is.

Hy het gesê die mobiele kantoor sal 'n uitbreiding van die POF se huidige gemeenskapsuitreikveldtog, 'POF oppad' wees.

'POF oppad' is 'n program wat 'n tydelike kantoor in 'n gemeenskap opstel en volledige dienste met betrekking tot padongeluk-eise lewer.

Dhlomo het tydens 'n onlangse uitreikgeleentheid in Khayelitsha gesê 1 600 mense is bereik.

Ná Khayelitsha, is 900 mense ook in Kokstad bereik.

"Hierdie jaar alleen het ons omtrent 30 000 mense deur die program bereik."

Verskeie aktiverings word gereeld by kerke, winkelsentrums, taxistaanplekke, vulstasie-voorpleine en tydens gesamentlike padblokkades gehou om bewustheid oor die fonds te verhoog.

Vir meer inligting oor die POF, skakel die inbelsentrum by: 0860 23 556 23. Om bedrog te rapporteer, skakel: 0800 00 5919.

Government one step ahead in drought relief

Noluthando Mkhize

Government is working hard to ensure that South Africans continue to have access to water even during the current drought that the country is facing.

The Department of Water and Sanitation is rolling out comprehensive interventions to minimise the impact of drought.

So far, the department has deployed water tankers to provide water to areas that are hardest hit by the drought.

These areas include KwaZulu-Natal, Free State, and Limpopo, which have been declared disaster areas.

Water and Sanitation Minister Nomvula Mokonyane said her department has committed R352.6 million to the initial drought intervention projects and a further R96.620 million to the provisional tankering and additional interventions.

She added that to address and mitigate the potential impact of the drought immediate, short, medium and long-term measures were being put in place.

The Minister said the measures included strict implementation of drought operating rules at all dams, including restrictions.

"The department will implement water conservation and demand management programmes which includes the War on Leaks and drop the block interventions."

This also includes emergency interventions by tankering and climate research as well as hydrological and geo-hydrological monitoring.

BUYING OF WATER TANKERS

Minister Mokonyane said the Department of Water and Sanitation, through its National Water Resource Infrastructure Unit, is manag-

ing the procurement of 45, 18 000 litre water tankers.

A total of 682 water tanks with stands will be distributed to municipalities in KwaZulu-Natal such as the Ugu District Municipality (DM), Umkhanyakude (DM), Illembe DM and Harry Gwala DM.

"Illembe DM in KwaZulu-Natal has completed their tank stand installation. Umgeni Water has completed the 30 tanks in Harry Gwala DM in KwaZulu-Natal, along with 81 tanks that have been installed in Umkhanyakude DM. The budget limitation of R2 million allowed for 81 tanks not the 500 they had requested," said Minister Mokonyane.

"Additional sites are being identified in order to utilise the savings on the budget. Umgeni Water has completed 20 of the 144 Ugu DM tanks. Uthukela DM is beginning the procurement process for the installation of their tanks."

BOREHOLE INTERVENTIONS

She added that approval was granted to appoint a key service provider to buy siting, drilling and hydrogeological services to implement borehole interventions where the DM did not already have contracts in place.

Work started at the Umkhanyakude and Illembe DM in September 2015.

"Interim tankering and second phase intervention in five district municipalities, namely Umkhanyakude, Umzinyathi, Ugu, Amajuba, and Uthungulu, have been approved for the total amount of R96 620 552.00."

The department's Deputy Director-General for Planning and Transformation, Deborah Mochotlhi, said that the re-use and desalination, eradication of illegal water use, drilling of boreholes in suitable areas and rainwater harvesting were short term

interventions.

She added that there are transfers of schemes from the Lesotho Highlands Water Project Phase 2, emergency transfer Tugela to Goedetrouw, Othongathi River transfer to Hazelmere and infrastructure upgrade developments in Hazelmere, Clanwilliam and Tzaneen.

Mochotlhi said was appealing to every individual to use water sparingly and adhere to water restrictions as well as efficient water use practices including not filling swimming pools, or watering their gardens during the day.

PROVINCIAL DAM LEVELS

Minister Mokonyane said in selected drought areas, such as KwaZulu Natal, the average dam storage of the large schemes is 69 per cent with three of 18 schemes below 50 per cent of full supply capacity.

"An estimated 6 500 stand-alone rural communities are currently experiencing water shortages. These are mostly situated in KwaZulu-Natal, Mpumalanga, Limpopo, and North West provinces. This number could increase to over 11 000 rural communities as the dry period extends and local water resources get depleted."

She said in drought stricken areas such as the



Water and Sanitation Minister Nomvula Mokonyane says the department has a number of interventions in place to minimise the impact of drought.

northern parts of KwaZulu-Natal, southern parts of Mpumalanga, and selected areas in Limpopo, North West and Northern Cape, about 50 per cent of local water storage was facing challenges and needed to be managed properly.

The drought currently affects 173 of the 1 628 water supply schemes nationally, serving approximately 2.7 million households or 18 per cent of the national population.

In Gauteng the municipalities are experiencing strains on the supply systems due to high demand and current high temperatures.

Government provides support to farmers



Rural Development and Land Reform Minister Gugile Nkwinti.

Albert Pule

Government has allocated more than R260 million to farmers across the country to deal with the impact of drought.

The total set aside for drought relief efforts country-wide amounts to R524 million.

Minister of Agriculture, Forestry and Fisheries Senzeni Zokwana said the funds would be distributed to farmers in consultation with the provincial departments of agriculture.

The department also spent R9 million on drilling boreholes for livestock water, disseminating early warning information and providing appropriate advice to farmers.

"There will be a provision of R36.5 million by provincial Departments of Agriculture to relieve small scale and subsistence farmers in affected provinces," said Minister Zokwana.

His department will also provide R226 million to smallholder farmers to both maintain production animals and "encourage the herd reduction through the market".

Other measures by department will include:

- Drilling and equipping affected areas for additional boreholes for livestock.

- Facilitating and supporting the revolution of credit facilities die to crop failure.
- Monitoring food prices through the Food Price Monitoring committee to inform appropriate measures are taken to ensure food security.
- Coordinating interdepartmental food nutrition security interventions to mitigate the effects of drought on farmworkers and rural communities.

The Department of Agriculture, Forestry and Fisheries is considering reprioritising conditional grants to make funds available to help farmers in get animal feed and additional water supply for their animals.

The Minister added that the department would continue providing farmers with weather advisories and warnings to guide future crop plantation and reduction of stock.

Meanwhile the Department of Rural Development and Land Reform will relocate livestock from the worst affected regions in the five regions to state-owned land where there is still better grazing land. The department is allocating almost R187 million for this drought relief intervention.

These include the provision of water for livestock in areas where boreholes can be drilled and construction of water troughs through RADP funding support and the Animal and Veld Management programme.

According Minister Gugile Nkwinti, the department has engaged some of the commodity organisations such as the sugar industry, Grain SA who will be in partnership with the Department, and the provincial Departments of Agriculture to implement the identified short term, medium and long term draught relief interventions.

"In the North West we have recently allocated 200 000 hectares of land. I am expecting the provincial government to disaggregate the land in the same way that KwaZulu-Natal did," said Minister Nkwinti.

WATERBESPARINGSWENKE

In en om die huis/besighede

- Moenie krane aanhoudend laat loop terwyl jy jou gesig was, jou tande borsel of skeer nie; maak dit tussenin toe.
- 'n Vyf-minute-stortbad per dag in plaas van 'n bad vol water, sal 'n derde van die water gebruik, waardeur jy tot 400 liter water per week kan spaar.
- 'n Stortbad kan tot 20 liter water per minuut gebruik.
- As jy verkies om te bad, moet jy nie die bad heeltemal vol water tap nie.
- 'n Bad kan tussen 80 en 150 liter water per bad gebruik.
- Gebruik laevloei-stortkoppe, dubbelspoel-toiletmeeganismes en waterdoeltreffende wasmasjiene.
- Moenie jou ketel heeltemal volmaak nie; gebruik net genoeg water vir jou behoeftes. Dit sal jou elektrisiteitsrekening ook verlaag.
- Moenie houers soos kastrolle oorvol maak nie; dit kan lei tot hoër energieverbruik om die water te verhit.
- Deur die toilet se spoelvolume te verminder, kan 20% van die totale waterverbruik bespaar word. Dit kan gedoen word deur 'n 2-literkoeldrankbottel wat met water en 'n bietjie sand gevul word om dit swaarder te maak, in die waterrenk te sit.
- Herstel toilette wat lek, 'n lekkende toilet kan tot 100 000 liter water in een jaar mors.
- Moenie die toilet onnodig spoel nie. Gooi snesies, insekte en ander afval in die vuilnisblik eerder as in die toilet. Elke keer as jy die toilet spoel, word 12 liter water gebruik.
- Gebruik "grys water" – dit is gebruikte water uit baddens, wasmasjiene en ander veilige bronne – om jou toilet te spoel.
- Moenie jou swembad oorvol maak of dit te veel terugspoel nie.
- Gebruik 'n emmer in plaas van 'n tuinslang om jou motor te was. As jy 'n tuinslang moet gebruik, gebruik 'n sproeier wat tussenin toegedraai kan word. 'n Tuinslang kan soveel as 30 liter water per minuut gebruik.
- Moet nooit verf en chemikalieë in die drein afgooi nie.
- Boere moet seker maak dat hulle giftige insekdoders van waterbronne en -strome weghou.
- Fabriekke moet versigtig wees met die manier waarop hulle met kwiksilwer en ander swaar metale in afvalwater wegdoen.
- Mense wat in landelike gebiede bly, moet daarteen waak om nie riviere of rivierwalle as toilette te gebruik nie.

In die tuin

- Lei jou plante altyd in die vroeë oggend of in die aand nat, wanneer dit koeler is. Tussen 10:00 en 15:00 kan tot 90% water verdamping verlore gaan.
- Nadat jy eiers gekook het, laat die water afkoel en gebruik dit om jou huisplante nat te lei.
- Fokus op inheemse plante of uitheemse plante wat nie water gebruik nie (maar nie indringer-uitheemse plante nie).
- Groepeer plante volgens hul waterbehoefte en plaas 'n deklaag van stroomis om hulle.
- Lei tuine minder gereeld, maar deegliker nat. 'n Tuinslang kan soveel as 30 liter water per minuut gebruik.
- Verwyder alle indringerplante uit jou tuin.
- Water wat van dakke afloop kan in tenks geberg word om jou tuin mee nat te lei.
- Gebruik "grys water" – dit is gebruikte water uit baddens, wasmasjiene en ander veilige bronne – om jou tuin nat te lei.



government communications

Department: Government Communication and Information System
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA